

OPGESOMDE RESULTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2016



Herhalende wesensverdienste per aandeel
↑ 20% tot 42,4 sent

Herhalende wesensverdienste vanaf beleggings
 per aandeel **↑ 17% tot 54 sent**

SVDD-waarde per aandeel van
R8,37 soos op 31 Maart 2016

Dividend
 per aandeel **↑ 64% tot 9 sent**

OORSIG

Zeder is 'n belegger in die breë landboubedryf, met 'n spesifieke fokus op die voedsel- en dranksektore. Zeder se belang van 27,2% in Pioneer Voedsel bly sy grootste belegging en maak 60,9% (2015: 71,4%) van die portefeulje uit.

SOM-VAN-DIE-DELE ("SVDD")

Zeder se SVDD-waarde per aandeel, wat bereken word deur die gekwoteerde markpryse vir alle JSE-genoteerde beleggings en markverwante waardasies vir ongenoteerde beleggings te gebruik, het tydens die verslaggewingstydperk met 13% afgeneem tot R8,03 op 29 Februarie 2016, hoofsaaklik weens 'n daling van 21% in Pioneer Voedsel se aandeelprys. Met die beursluiting op Donderdag, 31 Maart 2016, was Zeder se SVDD-waarde per aandeel R8,37.

Maatskappy	28 Feb 2015		29 Feb 2016		31 Mrt 2016	
	Belang (%)	Rm	Belang (%)	Rm	Belang (%)	Rm
Pioneer Voedsel	27,3	9 533	27,2	7 574	27,2	8 099
Capespan	71,1	1 463	96,6	2 027	96,6	2 027
Zaad	92,0	885	92,3	1 246	92,3	1 246
Kaap Agri	37,9	629	39,4	758	39,4	758
Agrivision	76,5	563	55,9	614	55,9	614
Quantum Voedsel	26,4	231	26,4	168	26,4	179
Ander		52		44		43
Totale beleggings		13 356		12 431		12 966
Kontant en kontantekwivalente		338		118		34
Ander netto verpligtinge		(439)		(324)		(257)
SVDD-waarde		13 255		12 225		12 743
Aantal uitgereikte aandele (miljoen)		1 444		1 523		1 523
SVDD-waarde per aandeel (rand)		9,18		8,03		8,37

HERHALENDE WESENSVERDIENSTE

Geouditeer	Feb 2015 Rm	Verandering (%)	Feb 2016 Rm
Herhalende wesensverdienste vanaf beleggings	541	49	805
Bestuurs(basis)fooi	(118)		(155)
Netto rente, belasting, ander inkomste en uitgawes	(9)		(18)
Herhalende wesensverdienste	414	53	632
<i>Nie-herhalende wesensverdienste</i>			
Bestuurs(prestasie)fooi	(118)		(87)
Ander	(39)		(87)
Wesensverdienste	257	112	545
Nie-wesensitems	(15)		237
Toeskryfbare verdienste	242	223	782
Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele (miljoen)	1 172		1 490
Herhalende wesensverdienste vanaf beleggings per aandeel (sent)	46,1	17	54,0
Herhalende wesensverdienste per aandeel (sent)	35,3	20	42,4
Wesensverdienste per aandeel (sent)	22,0	66	36,5
Toeskryfbare verdienste per aandeel (sent)	20,6	155	52,5

Herhalende wesensverdienste per aandeel het met 20% tot 42,4 sent gestyg danksy verbeterde verdienstebydraes deur die meeste van Zeder se onderliggende beleggings. Wesensverdienste per aandeel het met 66% tot 36,5 sent gestyg weens laasgenoemde en omdat geen prestasiefooi betaalbaar is ten opsigte van die jaar onder oorsig nie.

VOORUITSIGTE

Zeder sal aktief by sy bestaande portefeulje van maatskappye betrokke bly en deurentyd nuwe beleggingsgeleenthede ondersoek. Ons glo dat beleggings in die landboubedryf, ondanks onvermydelike siklusiteit, aantreklike opbrengste bied.

DIVIDEND

Die direkteure het besluit om 'n finale bruto dividend van 9 sent (2015: 5,5 sent) per aandeel uit inkomstereserwes te verklaar ten opsigte van die jaar geëindig 29 Februarie 2016, wat 'n styging van 64% verteenwoordig. Die dividend is bereken ooreenkomstig Zeder se beleid om tot 100% van vrye kontantvloei as 'n finale gewone dividend te betaal. Die finale dividendbedrag, na die aftrekking van Suid-Afrikaanse dividendbelasting van 15%, is 7,65 sent per aandeel vir aandeelhouers wat nie van dividendbelasting vrygestel is nie. Die aantal uitgereikte gewone aandele op die verklaringsdatum is 1 522 852 890, en die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9406891151.

Die belangrike datums van hierdie dividenuitkering is:

Laaste dag vir verhandeling met dividend	Donderdag, 28 April 2016
Verhandeling sonder dividend begin	Vrydag, 29 April 2016
Rekorddatum	Vrydag, 6 Mei 2016
Betaaldatum	Maandag, 9 Mei 2016

Aandeelsertifikate mag nie gedematerialiseer of gerematerialiseer word tussen Vrydag, 29 April 2016 en Vrydag, 6 Mei 2016, albei dae ingesluit, nie.

PSG GROEP BESTUURSFOOIE

Bestuursfooi is betaalbaar aan 'n volfiliaal van PSG Groep Bpk ("PSG Groep") in terme van 'n bestuurs-ooreenkoms waarvolgens die PSG Groep-filiaal alle beleggings-, administratiewe, advies-, finansiële en korporatiewe dienste aan Zeder Investments Corporate Services (Edms) Bpk, 'n volfiliaal van Zeder, lewer. PSG Groep het Zeder in kennis gestel dat hulle verskeie alternatiewe vir die huidige bestuursfooi-ooreenkoms ondersoek wat formeel voorgestel sal word sodra hulle terugvoer vanuit 'n regulerende perspektief verkry het. Sodra 'n formele voorstel van PSG Groep ontvang word, sal Zeder dit aan die mark kommunikeer.

GEODITEERDE FINANSIËLE RESULTATE

Hierdie vrywillige aankondiging bevat slegs 'n opsomming van die inligting in die volledige aankondiging wat op Maandag, 11 April 2016, op SENS vrygestel is, en is die verantwoordelikheid van die direksie. Raadpleeg asseblief die volledige aankondiging vir addisionele inligting. Die volledige aankondiging is ook beskikbaar op Zeder se webwerf by www.zeder.co.za of kan gedurende kantoorure gratis aangevra en verkry word by die maatskappy se geregistreerde kantoor of by die maatskappy se borg. Enige beleggingsbesluite deur beleggers en/of aandeelhouers moet gebaseer word op oorweging van die inligting in die volledige aankondiging.

Geteken namens die direksie


Jannie Mouton
 Voorsitter

Stellenbosch
 11 April 2016


Norman Celliers
 Hoof uitvoerende beampte